DIE EIKE

# Nuusbrief
## Kersuitgawe

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 2 NOMMER 10 DESEMBER 2025

## IN DIE DESEMBER 2025 UITGAWE

**1 | Oordenking:**
Om 'n diep en innige verlange te hê...
**Dr. Jan Botha**

**2 | Woord deur die Voorsitter:**
Ons weet wie ons is
**Dries Wiese**

**3 | Afrikaners het 'n nuwe selfvertroue:**
**Jan Bosman**

**6 | Daar is hoop en geleenthede**
**Genl-Majoor Johan Jooste**

**6 | 'n Perspektief op 2025 en 2026**
**Gedagtes van die Nasionale Raad**

**10 | Geloftedag 16 Desember**
**Betekenis en viering**

**10 | BELA Skoolwet en regulasies**
**Indiening van kommentaar**

**11 | Swart Ekonomiese Bemagtiging**
**10 Mites blootgelê**
David Ansara

**13 | Die Papier**
**'n Nuwe nasionale Afrikaanse koerant**

*Namens **Die Eike** wens ons graag ons lede en geliefdes 'n ware en geseënde Christusfees toe.*

*Mag Kersfees vir ons almal 'n tyd van Vrede, Vreugde en Voorspoed wees.*

***Menings in die nuusbrief is nie noodwendig die mening van die Afrikanerbond nie.***

## OORDENKING: OM 'N DIEP EN INNIGE VERLANGE TE HÊ

***Deur dr. Jan Botha***

O Christus, ons verlange…(Lied 354) vat ons diepste en innige verlange die tyd van die jaar so onwillekeurig en raak vas.

*O Christus, ons verlange,*
*U het ons heil gebring.*
*Sal ooit ons jubelsange U lof na waarde sing?*
*Vervul in welbehae*
*Ons harte met U Gees;*
*Skenk ons in hierdie dae*
*'n ware Christus fees!*



Hierdie kinderlik opregte sielsverlange word ook beklemtoon in Psalm 42 vers 2 en 3: "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God".

Die Olimpiese spele spel die lewens-verlange van die top sportvroue en manne so anders uit in hul kernwaardes: "Hoër, sterker, vinniger en verder". Die lewe is vinnig, kompeterend, vol aksie en adrenalien. Alles moet nou en vinnig gebeur en alle behoeftes moet ook nou onmiddellik bevredig word.

Die oppervlakkigheid en kitsbehoeftebevrediging is deel van ons alledaagse lewe en verbruikerskultuur. Die bekende teoloog Richard Forster sê: "Oppervlakkigheid is die vloek van ons tyd. Die leer van kitsbevrediging is die grootste geestelike probleem. Vandag is die desperate behoefte nie meer aan intelligente of meer begaafde mense nie, maar aan diep mense." Hy onderskei dan die volgende drie tipes dissiplines naamlik: inwaartse dissiplines soos meditasie, gebed, vas en studie asook uitwaartse dissiplines soos eenvoud, afsondering, onderwerping en diens en die gemeenskaplike dissiplines van belydenis, aanbidding, leiding en blydskap. Deur die beoefening van die geestelike dissiplines leer ons weer om by van die basiese beginsels van ons geloofslewe uit te kom. Die dissiplines vorm dus die middelpunt van ons praktiese geloofsbeoefening. Die klem met die beoefening van die dissiplines moet altyd op Jesus val as die baba en later opgestane Here met blydskap as die kernemosie. Dit is die sleutelnoot van al die dissiplines. Die doel met die beoefening van die dissiplines is juis om ons werklik te bevry van al die verstikkende verslawing van eiebelang en vrees.

Die Triniteit, Vader, Seun en Heilige Gees werk genadiglik in ons en daarom is innerlike transformasie wel moontlik. Met behulp van die dissiplines is dit moontlik om ons in te stel op die Here se vernuwende werk in ons. Omdat God alreeds aan die werk is, kan juis gewone mense daarvan gebruik maak om 'n dieper, vryer en meer persoonlike verhouding met God Drie-enig te bou en sodoende as brugbouers op te tree!

Tog is daar vandag ook 'n desperate behoefte nie aan meer intelligente en meer begaafde mense nie maar eerder aan meer "diep mense". Om die innige behoefte en verlange te vul, is 'n doelbewuste keuse en vereis doelgerigte toewyding. Dit is die soort lewe wat God behaag. Dit verg 'n lewende asook intieme verhouding met hom. Psalm 42 vers 7 spel dit uit: "Uit my vertwyfeling roep ek na U". Ons beste woorde is en bly maar gebroke en onvolledige mensetaal en versugtinge. God hoor die versugting wat so

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: Om 'n diep en innige verlange te hê... (verv)

ontoereikend, eg menslik, onvolmaak en maar net menslike nadenke is. Ons in die Christelike tradisie gebruik al vir eeue sekere geestelike dissiplines wat so 'n meer intieme en passievolle verhouding met die Drie-enige God moontlik maak. Die innerlike dissiplines van gebed, meditasie ('n soeke en fokus op God), vas en Bybelstudie (Woord-studie) is reeds in die ou en nuwe Testament bekend aan ons.

Paulus toon in die Romeinebrief aan dat regverdigheid 'n gawe van God is. Die term "regverdigheid" gebruik hy 35 keer in die Romeinebrief. Ons ontvang dit uit genade en die dieper en passievolle verlange groei al meer as daar afhanklik van Hom gelewe word. So word ons daagliks vernuwe en verander as ons die dissiplines gereeld beoefen en prakties toepas in ons alledaagse lewe. Om met die lewende God te wandel en daagliks van Sy teenwoordigheid bewus te wees en te bly, verg harde, doelgerigte en gedissiplineerde werk. Dit moet deel vorm van ons daaglikse lewe, ons afhanklikheid van Hom maar ook vir ons omgee vir ander, ja selfs vir die vreemdelinge wat ons pad kruis veral in die Christustyd.

In die Kerstyd raak ons onbewustelik maar ook soms bewustelik bewus van die nostalgie, goeie ou dae, verlange na bekendes asook 'n brandende hart om sommer net saam te wees, te vier en om te gee. Ons wil asseblief 'n diep en innige verlange hê…❖

** Dr Jan Botha is 'n predikant by die Florauna NG Gemeente. Pretoria.*

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: ONS WEET WIE ONS IS

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Dit is werklik moeilik om te glo dat die jaar weer verby is. 2025 was 'n jaar van intense politieke spanning in Suid-Afrika, en ook vir Afrikaners was dit 'n jaar van selfondersoek.

***As Afrikaners vier ons maklik ons erfenis, want ons weet wie ons is, waarvoor ons staan en wat ons dra. Ons tradisies sit diep.***

***Die jaar in oënskou***
Ons almal is onverhoeds betrap met Pres Donald se uitvoerende bevel om alle VSA-hulp aan Suid-Afrika te staak en vlugtelingstatus aan te bied vir Afrikaners gekoppel aan begrippe soos volksmoorde en grootskaalse onteiening van grond. In Mei het die eerste groep van 59 Afrikaners in die VSA aangekom.
Ons word herinner aan ons eie president se verleentheid in die VSA nadat hy met berigte en videos gekonfronteer is. Onlangs het die G20 in Johannesburg plaasgevind wat die VSA geboikot het en toe weer die VSA wat met opset nie die SA regering genooi het na die eerste G20 ontmoeting in die VSA nie.

Dit alles het kwessies wat Afrikaners direk raak - kwessies (soos plaasmoorde en grondhervorming) internasionaal op die agenda geplaas, maar ook verdeeldheid gebring. 'n Groep prominente Afrikaners het in November en weer 'n paar dae terug 'n oop brief "Nie in ons Naam Nie" geteken, wat Trump se narratief as vals uitwys. Die hele debakel het weer 'n Afrikaner gesprek ontketen.

***Afrikaner erfenis*** Met 16 Desember en Geloftedag om die draai kan ons dalk terugkyk en vir mekaar sê as Afrikaners vier ons maklik ons erfenis, want ons weet wie ons is, waarvoor ons staan en wat ons dra. Ons tradisies sit diep. Maar dit het ons jare van swaarkry, selfondersoek en herontdekking gekos om weer met selfvertroue ons identiteit te kon vashou. Dit is egter die een ding wat ons nog steeds kort, en dit is die vermoë om sonder huiwering oor ons geskiedenis te praat – veral oor die onlangse geskiedenis. As dit ter sprake kom, word daar stil, kake klem, en laat ons ander toe om ons te beswadder, te verguis en te veroordeel. Ook in eie geledere. Omdat ons self nie die storie volledig vertel nie – die goed én die sleg – aanvaar ons stilswyend die veralgemening en die skuld wat oor ons toegedig word.

Laat dit ons boodskap wees in 2025 en met 2026 om die draai. Ons erfenis is die bloed, sweet en trane van ons voorouers wat hierdie land help bou het – van Kaap tot Limpopo. Ons erfenis is 'n taal wat uit die stof van die veld en die kombuise van slawe en boere gebore is, en wat in die 20ste eeu een van slegs vier tale ter wêreld geword het wat uit 'n lae-status-posisie na volle hoë-funksie-status geklim het. Ons erfenis is ook dat ons self die moed gehad het om die wiel van die geskiedenis te help omdraai. In 1994 het Afrikaners nie net die mag prysgegee nie – ons het aktief meegewerk om 'n nuwe bedeling te skep waarin almal 'n plek kon hê. Daarom is ek vandag trots om Afrikaner te wees. Saam met soveel ander laat ek nie meer my kop in skaamte hang nie. Ek verdedig nie meer my blote bestaan nie. Ek is trots op my verlede, opgewonde oor my hede, en gretig om te help bou aan 'n toekoms waarin ons almal kan gedy.

Ons kan egter nie op ons louere rus nie. Afrikaners se struikelblok is groot want ons moet die balans handhaaf tussen eie belang en nasionale belang. Ons het 'n sterk, gevestigde kultuur wat ons nie maklik prysgee nie. Vir baie ander groepe is verengelsing, assimilasie en die oplos in 'n kultuurlose, globale mengelmoes makliker. Hulle het minder om te verloor. Ons het meer om te bewaar. En solank as wat ons nie leer om ons eie erfenis met selfvertroue te dra én terselfdertyd met oop hande na ander uit te reik nie, sal 'n werklik gedeelde Suid-Afrikaanse erfenis moeilik bly. As ons dit nie doen nie sal Afrikaners met agterdog

***Hoop vir 2026***
Ekonome en kommentators is positief oor die jaar en is hoopvol vir 2026. Die BBP het van 0,6 % in 2024 na tussen 1,6 % en 2 % gespring – die beste in jare. Rentekoerse het drie keer gedaal, inflasie het onder 4 % gebly en vir die eerste keer in 'n dekade het skuld-

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Ons weet wie ons is (verv)

tot-BBP gestabiliseer. Vir die huidige is die kragkrisis verby. Private sonkrag en besighede (baie onder Afrikaanse entrepreneurs) het die land gedra. Die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) het gehou, en selfs al was daar wrywing, het dit klaarblyklik meer gedoen as wat verwag is. Nuwe Afrikaanse skole en universiteite en het ondanks druk gegroei. Sakereuse soos Christo Wiese, Adi Enthoven en Jannie Mouton het openlik gesê Suid-Afrika het die keerpunt bereik en daar is tekens dat 'n oplewing moontlik is.

Die sakeman Christo Wiese, nie familie nie, is ook optimisties oor Suid-Afrika vanweë die sterk private sektor, wat help om baie van die land se uitdagings aan te spreek. Hy is reguit daaroor dat Suid-Afrika verskil van baie mislukte Afrika-lande omdat ons 'n lewendige, groot, bekwame en toegewyde private sektor het. Dan die belangrike punt wat hy onlangs gemaak het. As die regering uit die pad kom, kan die privaatsektor die land se talle probleme oplos en kan Suid-Afrika reeds oor 'n jaar onherkenbaar wees. Sy waarskuwing is belangrik dat al wat ons nodig het, is om van ons ideologiese bagasie ontslae te raak. Dit is die groot knelpunt – en gaan dit ook die plaaslike regeringsverkiesing in November 2026 se fokus wees. Ideologie teen pragmatisme.

***'n Boodskap aan lede***

Aan die einde van 2025 wil ek my graag tot lede van die Afrikanerbond en elke potensiële lid wend. Ons het almal diep menslike behoeftes: om iets of iemand onvoorwaardelik lief te hê, om uit te sien na iets met verwagting, om daaraan te bou en te werk, en om onwrikbaar daarin te glo. Dit kan en behoort die Afrikanerbond vir sy lede te wees. 'n Organisasie wat tans géén materiële voordele bied nie, maar wel passie, kennis, gemeenskap en 'n duidelike politieke, staatskundige en ekonomiese visie. Mense wil deel wees van 'n organisasie of instelling wat identiteit, vertroue en 'n gevoel van "ons stry saam vir iets groter as onsself" bied. Dit moet ons fokus in 2026 wees. Die jaar van die lid. Ons moes onsself en ons organisasie uitbou want Afrikaners is die laaste linie vóór die land onherroeplik negatief verander. Ons is eerlik en sê wat ander nie durf sê nie. Vir dekades al praat lede in die Afrikanerbond oor die oplossings vir die land en ons doen dit sonder filters. As lede voel dat hulle uiteindelik êrens hoort waar hulle in broerskap kan optree, hoopvol, nuttig en die moed van oortuiging het sal ons met nuwe ywer deelneem. Ek sal graag in die komende maande in 2026 die fokus op lede wil verskerp en lede se inkoop kry in die planne vir die toekoms.

Uit die diepte van my hart wil ek vandag dankie sê aan elke lid van ons Nasionale Raad, wat tyd, energie en soms groot opofferings maak om saam te dink. Julle is die ruggraat van hierdie organisasie. 'n Spesiale woord van dank aan ons dagbestuur wat my gedurig help om die regte prioriteite raak te sien en vas te hou. Dankie ook aan die Christiaan de Wet Fonds se direksie en lede, wat ons finansies met dissipline en deursigtigheid bestuur. Aan ons personeel by Die Eike - julle werk is van so 'n hoë standaard dat ons dit soms as vanselfsprekend aanvaar; vandag sê ons opnuut dankie. Hiermee net ook spesifiek aan Jan Bosman as Hoofsekretaris my opregte dank vir uitstekende samewerking en ondersteuning die afgelope jaar.

> ***As die regering uit die pad kom, kan die privaatsektor die land se talle probleme oplos en kan Suid-Afrika reeds oor 'n jaar onherkenbaar wees.***

Aan elke AB-lid wat die Bond se visie uitleef in netwerke, gemeenskappe en gesprekke dwarsoor die land: julle is die AB in aksie. Julle maak dat ons nie net praat oor kultuur, identiteit en samehorigheid nie, maar dit daagliks leef. Die jaar 2026 kom met nuwe storms en nuwe geleenthede – vir die land, vir Afrikaners en vir die Afrikanerbond. Geloof, Gesin, Gemeenskap, Geskiedenis en Afrikaans staan steeds sentraal. Daar is duisende mense daar buite wat smag na presies dit waarvoor ons staan.

Namens die hele Nasionale Raad, wens ek elke lid en julle geliefdes 'n geseënde Kersfees toe. Mag die Christusfees julle huise en harte vul met vrede, met blydskap en met 'n diep gevoel van saamhoort. Mag hierdie feesseisoen ons herinner dat ons nie alleen staan nie – ons is deel van iets groter, iets wat die moeite werd is om voor te leef en voor op te staan. Ons sien mekaar in 2026 met nuwe hoop en nuwe ywer. Wees sterk. ❖

---

## AFRIKANERS HET 'N NUWE SELFVERTROUE

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris: Afrikanerbond***

Die eindelose gesprekke oor Afrikaners die laaste weke en maande en selfs jare het sinvol bygedra tot die herontdekking van Afrikaner identiteit. Die kritiek teen Afrikaners en die voorskrifte deur meninge kommentator het uiteindelik die teenoorgestelde bereik. Afrikaners hou nie daarvan om voorgeskryf te word nie, nie deur kommentators wie se menings deur die heersende ideologie of politieke korrektheid beïnvloed word nie, nie deur buitelandse heethoofde wat ons as pionne in 'n magspel beskou nie en beslis nie deur 'n regering wat ons geregverdigde kritiek as 'n terugverlang na die verlede beskou nie.

***Die einde van die louwarm tydperk***

Na dertig jaar van demokrasie het Afrikaners al meer 'n nuwe identiteit gevind – een wat ons onbeskaamd omhels en met trots koester. Dit is nie meer die identiteit van die skuldige, die een wat verskoning vra omdat hy bestaan nie. Dit is ook nie die identiteit van die slagoffer of die een wat pleit vir aalmoese nie. Dit is die identiteit van mense wat weet: Suid-Afrika is ons tuiste, hier bly ons, hier bou ons – saam met almal wat

*(Vervolg op p4)*

## Afrikaners het 'n nuwe selfvertroue (verv)

saam wil bou. Vir byna drie dekades was baie Afrikaners stil. Nie omdat ons nie omgegee het nie, maar omdat ons geglo het stilbly is die prys vir versoening. Ons het ons verlede van bevoorregting erken, ons het afstand gedoen van apartheid waardeur Afrikaners ander se menswaardigheid misken het. Ons het dalk naïef gedink: as ons maar net genoeg terugstaan, sal die nuwe Suid-Afrika ons ook insluit. Ons het onsself verantwoordelik gehou vir 'n verlede waaraan die huidige en selfs die vorige generasie geen aktiewe aandeel gehad het nie. Daardie tyd is verby.

Die kinders wat vandag 30 en jonger is, is gebore ná 1994. Hulle het nooit die voordeel van apartheid gehad nie. Hulle kan nie meer vir die verlede verantwoordelik gehou word nie – en hulle weier om dit langer te aanvaar.

Baie Afrikaanse opinieleiers het verwag dat Afrikaners eerder die roete van getrouheid aan die nuwe orde, en aan versoening ten alle koste moes loop as om die boot te skud. Sistemiese korrupsie, staatskaping, die Eskom-krisis, plaasmoorde, verbrokkelde infrastruktuur en gebrekkige dienslewering die laaste dertig jaar kon nie maar net gelate aanvaar word nie. Ons kan nie meer stilbly nie. Ons moes aanskou hoe dorpe se name verander, Afrikaanse universiteite tot niet gaan, Afrikaanse onderwys geteiken word. Ons kinders wat wit, bruin en Indiër is word uitgesluit uit die ekonomie en gemarginaliseer op grond van ras. Mark Twain het gesê: "Lojaliteit aan die land altyd. Lojaliteit aan die regering wanneer dit verdien word." Hierdie regering het aan die voorpunt gestaan van die toepassing van transformasie as ideologie en vandag betaal elke Suid-Afrikaner die prys.

***Vir byna drie dekades was baie Afrikaners stil. Nie omdat ons nie omgegee het nie, maar omdat ons geglo het stilbly is die prys vir versoening.***

***Ons laat ons nie definieer deur ander nie.***

Ons identiteit word nie meer bepaal deur die ANC se ideologieë of die EFF se retoriek nie. Ons identiteit word allermins bepaal deur pres. Donald Trump, die aanbied van die G20 of enige ander buitelandse stem wat dink hulle verstaan ons beter as ons wat onsself verstaan. Trump se "luidspreker-benadering" het Afrikaners as slagoffers gedefinieer en Afrikaners is nie slagoffers nie. Ons moet die narratief van volksmoord en grootskaalse onteiening van grond verwerp. Ons is nie 'n uitgestorwe stam wat wag vir 'n reddingsboot deur vlugtelingstatus in die VSA nie. Ons is nie pionne in 'n geopolitieke skaakspel tussen Washington en Pretoria nie. Ons is hier omdat Suid-Afrika ook ons land is – en ons gaan dit nie verlaat nie.

***Alle Suid-Afrikaners ervaar die ergste van die land en sy regering***

As Afrikaners die slagoffermentaliteit verwerp deur te sê daar is nie 'n "wit volksmoord" nie en daar is nie grootskaalse onteiening van grond nie, dan ontken ons nie Suid-Afrika se probleme nie.

Trump het wel lig gewerp op werklike probleme – plaasmoorde, diskriminerende wetgewing, die onteiening van grond – maar hy doen dit op 'n wyse wat een bevolkingsgroep uitlig en verhef as slagoffers. Dit kan ons nie net so aanvaar nie.

Ons moet verantwoordelik omgaan met feite en met realisme benader. Die statistieke is duidelik: swart, wit en bruin ervaar misdaad in al sy afgryse en brutaliteit. Bendegeweld, plaasmoorde, geslagsgebaseerde geweld en politieke sluitmoorde is alles simptomaties van 'n vervalle staat. Misdaad is 'n nasionale krisis, nie 'n rasse-oorlog nie, maar ons is ook nie blind nie. Plaasmoorde is egter werklik en verskriklik. Dit moet gesien word teen die agtergrond van Kill the Boer wat nie maar net 'n onskuldige struggle-lied is nie.

Die toepassing van die Onteieningswetgewing gaan almal raak. Die ekonomiese gevolge ken nie ras nie. Die wetgewing skep regsonsekerheid – nie omdat daar reeds massaal grond gevat word nie, maar omdat dit die potensiaal daarvoor skep. Dit is nie histerie nie, dit is 'n legitieme bekommernis.

Om die vervalle staat en 'n korrupte party te stuit moet Suid-Afrikaners die demokratiese prosesse volg. Ons moet ons oplossings self in die land vind.

***Afrikaners is onlosmaaklik deel van die groter Suid-Afrika***

Afrikaners is nie 'n loslit-groep wat eenkant staan en kyk hoe die res van die land brand nie. Ons is diep verweef in elke vlak van die samelewing:

- Ons boere sit kos op miljoene mense se tafels.
- Ons dokters, verpleegsters en onderwysers dien in staats- en privaathospitale en -skole regoor die land.
- Ons entrepreneurs skep werk in townships, plase en nywerhede.
- Ons belastinggeld finansier steeds 'n groot deel van die staatskas – selfs al voel dit soms of ons daarvoor gestraf word.
- Ons veiligheidsplanne betrek elke gemeenskap.

Afrikaners het meer in gemeen met ons mede Suid-Afrikaners as wat ons verskil. Ons deel dieselfde liefde vir die land. Dr Frans Cronje se standpunt (Lees hier) is dat Afrikaners se konserwatiewe waardes ooreenstem met die meerderheid Suid-Afrikaners. Hy skryf vanuit sy insigte oor vele meningspeilings wat hulle oor die spektrum heen doen en is sy gevolgtrekking dat rondom vrae oor waardes, en selfs rondom praktiese regeringsbeleidsvrae, is daar enorme gemeenskaplike grond in die sienings van Suid-Afrikaners oor elke historiese, politieke, rasse- en sosio-ekonomiese skeidslyn heen. Sy argument is dan dat Trump, eerder as om Afrikaners uit te sonder, moet fokus op die Christelik-konserwatiewe regterkant van Suid-Afrika en dat dit moontlik 7 of selfs 8 uit elke 10 Suid-Afrikaners sal kan insluit. Cronje is dan van mening dat vanuit 'n

*(Vervolg op p5)*

## *Afrikaners het ’n nuwe selfvertroue (verv)*

Amerikaanse buitelandse beleidsperspektief, kan aansluiting gevind word met die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners wat dieselfde waardes deel. Dit is ’n standpunt wat sterk ondersteun moet word.

***Ons wil almal dieselfde suksesvolle Suid-Afrika sien.***

Die meeste Suid-Afrikaners wil graag woon in ’n Suid-Afrika waar:

- die bevordering van grondwetlike waardes en aksies voorop gestel word,
- gemeenskappe veilig is,
- 'n funksionerende regering met werklike dienslewering ’n verskil in mense se lewens maak,
- daar 'n vrye en mededingende ekonomie is wat die vermoë het om individue uit armoede te lig en lewenstandaarde te verbeter.
- persoonlike verantwoordelikheid gewaardeer en meriete en inisiatief beloon word.
- Ekonomiese groei maatskaplike oplossings bied vir minderhede en gemeenskappe.

Dit geld vir baie verskillende gemeenskappe, nie net Afrikaners nie. Die Springbokke is waarskynlik ons kragtigste simbool: hulle sukses wys presies wat Suid-Afrika kán en behoort te wees wanneer ons saamstaan.




*Grafika: Met erkenning aan Rapport*

Dat ons wel verskille het, is verseker so. Die verskille is egter nie die probleem nie – die probleem is die onvermoë om verskille te begryp, te respekteer en te akkommodeer.

***Soekend na ’n regverdige bestel***

Afrikaners het die politieke verandering in die land aanvaar. Daar moet nie twyfel wees nie. Vandag se bedeling met mislukkings en vergrype word regtens uit verskeie oorde veroordeel. Daar is egter nou uit verskeie oorde telkens ook die verwyte oor die verlede en verkeerde politieke keuses.

Op 17 Maart 1992 het wit Suid-Afrikaanse kiesers aan ’n referendum deelgeneem oor die voortsetting van die hervormingsproses wat op 2 Februarie 1990 begin het en wat op ’n nuwe grondwet deur onderhandeling gemik is” Sowat 68,73% van die wit kiesers, het ja gestem. Sommige analiste was van mening dat 62% van Afrikaners Ja gestem het en dus ’n nuwe politieke bedeling ondersteun het.

Alhoewel regstelling moes plaasvind, moes dit gedoen word binne ’n regverdige grondwetlike bedeling met grondwetlike regte en waarborge waarin die oppergesag van die reg beskerm word, die basiese menseregte van almal beskerm en daar ‘n duidelike skeiding van magte tussen staatlike en nie-staatlike instellings is.

Nelson Mandela het in 1999 gesê: “Afrikaners was op verskillende stadiums van hul geskiedenis veroweraars en verowerdes; slagoffers van verdrukking en beoefenaars van onderdrukking. Met daardie agtergrond en historiese ervaring, en met hul kundigheid, kan hulle ’n besondere rol speel om die land op te bou tot een van voorspoed, geregtigheid en vreedsame saambestaan.”

Daardie uitnodiging het duisende Afrikaners met oop arms aanvaar. Hulle het moue opgerol en gaan werk: in die staatsdiens, in die privaatsektor, in gemeenskapsprojekte, in onderwys. Hulle het die nuwe bedeling aanvaar en was gereed om die ekstra myl te stap om die land te maak werk. Omstandighede het egter dramaties begin verander.

Die land se ekonomiese, sosiale en politieke landskap weerspieël vandag 'n verswakkende staat, ondermyning van demokratiese waardes, lae ekonomiese groei en gevolglike armoede en 'n toenemende verwydering en ondermyning van die grondwetlike demokrasie en grondwetlike beginsels. Dit alles kan in ’n mindere of meerdere mate toegeskryf word aan die toepassing van transformasie. Hoewel transformasie aanvanklik bedoel was om historiese ongelykhede en onreg reg te stel, bestaan daar sterk en duidelike getuienis, dat die toepassing van transformasie ’n ideologiese basis gekry het met vernietigende gevolge.

Afrikaners wil nog steeds ’n verskil maak in die land en in ons gemeenskappe. Dit moet egter geskied sonder dat ideologiese struikelblokke in ons weg geplaas word of wetgewende hindernisse dit onmoontlik maak. Ons verlang deelname aan ’n bestel waar ras nie jou toegang tot onderwys, werk of kontrakte bepaal nie en daar nie diskriminerende wetgewing en maatreëls en rasgebaseerde kwotas is nie. Veranderinge moet gebeur deur geleenthede te skep, nie deur geleenthede weg te neem nie. Dit is die bedoeling van ’n regverdige bestel. Afrikaners se goeie wil van die 1990’s wat tot redelik onlangs nog bestaan het word vandag voorwaardelik aangebied.

***Afrikaners is nie meer apaties nie***

Die louwarm tydperk (ongeveer 2005–2020) is verby. Die apatie van Afrikaners het verdwyn. In die woorde van NP van Wyk Louw "Opstand is net so noodsaaklik in 'n volk as getrouheid. Dit is nie eers gevaarlik dat 'n rebellie misluk nie; wat gevaarlik is, is dat 'n hele geslag sonder protes sal verbygaan.”

Wanneer die staat faal, staan Afrikaner-instellings, organisasies en individue op. Ons het nie brandende bande en plundery nodig om ons ontevredenheid uit te druk nie. Ons bou eerder ’n nuwe skool, begin ’n nuwe besigheid, stig ’n nuwe kultuurfees, plant ’n nuwe wingerd, bou ’n fabriek. Dit is nie apartheid nie. Uit Afrikaner inisiatiewe word wit, swart en bruin kinders in armoede bygestaan, Afrikaner boere deel kennis met opkomende boere, entrepreneurs mentor jongmense uit benadeelde gemeenskappe, Afrikaner gemeenskappe help om dorpe se verval te stuit en herstel infrastruktuur tot voordeel van almal. Beursfondse is ge-

*(Vervolg op p6)*

## *Afrikaners het 'n nuwe selfvertroue (verv)*

stig en word wit en bruin en swart daarmee ondersteun in studies.

Afrikaners het die keuse uitgeoefen - Ons eis nie spesiale behandeling nie – ons eis net dieselfde regte as alle ander burgers. Dit is tyd dat ons onvoorwaardelik aanvaar word as Suid-Afrikaners wat 'n verskil wil maak, wat patrioties is teenoor die land en sy mense. Hierdie patriotisme beklemtoon:

- Dat ons lief is vir die land en die grond onder ons voete.
- Dat ons respek het vir die amptelike tale maar dat Afrikaans ons hartstaal is wat ons deel met soveel ander Suid-Afrikaners.
- Dat ons van Afrika is en dat my buurman se nood optrede verg, maak nie saak wat sy velkleur is nie, want môre het ek hom dalk nodig om my te help.
- Dat ons belasting betaal, want ons wil 'n werkende land hê – maar ons gaan ook die staat aanspreeklik hou.
- Dat ons nie meer nodig het om aan die wêreld of aan die regering te verduidelik wie ons is nie. Ons leef dit klaar elke dag uit. Ons bou aan 'n nuwe land en wag nie vir ander nie.
- Respek vir die diversiteit van die land met al sy tale en al sy kulture en godsdienste. Ons is in die land saam met almal wat saam wil bou – Swart, Wit, Bruin, Engels, Afrikaans, Zulu, Xhosa, Venda. Hierdie respek vra ook dat Afrikaners erken word en daar begrip is vir die dinge wat ons pla.

Ons het net een land. Die kanse vir herstel word elke dag minder. As ons nou nie begin om die regte dinge te doen nie – eerlik, saam en sonder verskonings – sal daar later geen verskonings meer oor wees nie, maar ook nie veel van die land nie. Dis nou of nooit. ❖

Gepubliseer op 7 Desember in Rapport
https://www.netwerk24.com/stemme/menings/afrikaner-het-nuwe-identiteit-en-dis-nie-die-van-slagoffer-nie-20251206-0869

Gepubliseer op 6 Desember 2025 in Engels in The Common Sense
https://www.thecommonsense.co.za/columns/afrikaners-have-a-new-sense-of-self-confidence-in-2025

---

## DAAR IS HOOP EN GELEENTHEDE

**Mzansi — populêre verwysing na ons mooi, diverse land.**

***Deur Genl-Majoor (Afgetree) Johan Jooste***

As 'n middelklas Suid-Afrikaner leef ek daagliks deur die turbulensie en onsekerhede van ons tyd. Maar hierdie naweek, toe ek diep nadink, het ek soveel **groen spruite van hoop** raakgesien:

- Inflasie onder beheer en staatskuld wat beter bestuur word
- 'n Rand wat sy asem terugkry en 'n JSE wat presteer
- 'n Verbeterde internasionale kredietgradering — al kom dit van 'n lae basis
- Verwydering van die internasionale finansiële "Gryslys"
- Stewiger maatreëls en intensie om korrupsie in verkryging hok te slaan
- 'n Uitmuntende landbou seisoen in die algemeen
- Toerisme wat blom
- 'n Regering van Nasionale Eenheid wat, teen alle verwagtinge, redelik funksioneer
- Vrye spraak en ondersoekende joernalistiek wat skerp bly
- 'n Sterk burgerlike samelewing en projekte wat impak maak
- Wêreldklas bankwese en fiskale bestuur
- Die mynbedryf wat stadig weer in die regte rigting begin beweeg
- Die moontlikhede vir welvaartskepping wat ons grondstowwe en kommoditeite ontsluit
- Verwikkelinge by ons hawens
- En — vir die eerste keer in jare — **'n stabiele elektriese toevoer**

Maar bowenal: **die gees van hierdie ongelooflike diverse land.**

Kyk net na die prestasies die afgelope paar maande: rugby, krieket (mans én vroue), sokker, swem, gholf, atletiek — oral sien ons Suid-Afrikaners wat bo uitkom.

Dit **kán** gedoen word. Ons is sterker as ideologiese dwaalpaaie en kunsmatige kultuur- of ras grense.

"Hakuna matata" — dit *gaan* ok wees. Ons moet net **aanhou vorentoe stap**.

**Viva Suid-Afrika, viva.** ❖

---

## 'N PERSPEKTIEF OP 2025 EN 2026

'n Paar dae gelede is die hoofsekretaris, Jan Bosman, deur Netwerk24 genooi om 'n kort oorsig met nie meer as 150 woorde te skryf wat later in artikelvorm saam met ander bydraes gepubliseer sal word. Die uitdaging was om 2025 in een woord op te som en ook die verwagtinge van 2026 in een woord.

Vir 'n interessante oefening het ons NR lede genooi om ook bydraes te lewer vir Die Eike om die jaar 2025 in een woord saam te vat en met 'n paragraaf te omskryf. Dan ook 'n woord wat die NR graag wil sien vir 2026 en dit te omskryf in 'n paragraaf. Verskillende perspektiewe ontvang op die afgelope jaar en die verwagtinge vir 2026. Lede is ook verskillende WhatsApp groepe uitgedaag om slegs woorde voor te hou en

*(Vervolg op p7)*

*'n Perspektief op 2025 en 2026 (verv)*

plaas ons dit in tabelvorm onder.

***Dries Wiese skryf uit Kimberley***: In 2025 staan Suid-Afrika steeds voor 'n diepgewortelde krisis van onreg, waar die woord "geregtigheid" dikwels hol weerklink te midde van aanhoudende misdaad, rasse-ongelykheid en kulturele marginalisering. Misdaadvlakke bly kommerwekkend hoog, insluitend plaasaanvalle wat dikwels spanning aanwakker en 'n gevoel van onveiligheid onder boere versterk. Rassewetgewing lei tot ekonomiese diskriminasie en uitsluiting en gaan nie help om armoede en ander sosiale kwessies aan te spreek nie. Politiek ideologiese oogklappe verblind leiers vir hierdie werklikhede.

Mag 2026 'n jaar van geregtigheid wees. Mag dit 'n jaar wees waarin ideologiese vooroordeel uitgedaag word in 'n meer inklusiewe nasionale dialoog. Om ware geregtigheid vir almal in 2026 en daarna na te streef, moet Suid-Afrika 'n regverdige stelsel bou wat bo rasse- en ideologiese skeidslyne uittroon, met 'n fokus op gelyke toegang tot die ekonomie. Geregtigheid sluit kulturele erkenning in en dit vereis 'n kollektiewe verbintenis van burgers en leiers om pragmaties om te gaan met die werklikhede van ons land. As ons hierdie pad volg, kan "geregtigheid" 'n lewende werklikheid word – nie 'n veraf ideaal nie – waar elke Suid-Afrikaner, ongeag agtergrond, in veiligheid en gelykheid kan floreer.

***Een van die frases wat die jaar 2026 waarskynlik vir die Afrikaanse gemeenskap sal simboliseer, is die stryd vir "gelyke regte".***

Nader aan die Afrikanerbond is die Nasionale Raad en ook my eie wens en strewe dat ons in die nuwe jaar sterk en opnuut op ons interne belang sal fokus en wel op ons lede. Die AB is 'n lede-organisasie en daarom verdien sy lede die NR asook alle AB-strukture se gefokusde aandag. 'n AB sonder lede is ondenkbaar. Mag ons almal in 2026 aktief aan ons lede-portefeulje werk. Lank lewe die Afrikanerbond.

***Louis du Plessis skryf vanuit Johannesburg:*** Een van die woorde wat die jaar 2025 vir die Afrikaner simboliseer, is "Afrikaans". Saam met 'n netwerk Afrikaanse instellings gedenk die Afrikanerbond in 2025 landwyd die parlementêre en dus amptelike erkenning van Afrikaans in 1925. En watter indrukwekkende eeufees vier die Afrikanerbond op Saterdag 31 Mei 2025 by die Voortrekkermonument! Hier was dit duidelik: Die afgelope eeu kon 'n mens in Afrikaans enige iets doen – liefde maak, geld maak, gedigte maak, musiek maak.

En op Donderdag 14 Augustus 2025, ook by die Voortrekkermonument, gedenk die Afrikanerbond, weer saam met 'n netwerk instellings – soos die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die FAK, Orania en Maroela Media, Solidariteit en Akademia – die stigting in die Paarl, 150 jaar vantevore, op 14 Augustus 1875, van die Genootskap van Regte Afrikaners. By terugblik spreek dit duidelik: 'n Eerste Afrikaanse Taalbeweging het hier ontwikkel saam met 'n Afrikaanse leefwêreld – 'n Afrikaanse Bybel, Afrikaanse skole, Afrikaanse koerante, Afrikaanse letterkunde. Watter ontwaking! 2025 simboliseer "Afrikaans".

2026 simboliseer "Gelyke Regte". Een van die frases wat die jaar 2026 waarskynlik vir die Afrikaanse gemeenskap sal simboliseer, is die stryd vir "gelyke regte". Die Suid-Afrikaanse regering het die afgelope twee dekades 'n wye reeks wette aanvaar wat burgers volgens ras begunstig of benadeel. Die meer as 140 sulke raswette wat die staat tans afdwing, diskrimineer teen alle burgers wat nie as "swart" tipeer word nie. Weens die wyse waarop raswette die vrye mark en deelname, ontwikkeling en samewerking op byna elke lewensterrein kniehalter, neem verset daarteen die afgelope jare toe.

Aangesien meer as negentig persent van die sewe miljoen Afrikaanssprekendes nie as "swart" gesien word nie, diskrimineer die raswette veral teen hierdie taalgemeenskap. Voorts toon nie net Suid-Afrikaanse instellings nie, maar ook internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies en buitelandse regerings soos die huidige Amerikaanse administrasie, al meer begrip hiervoor.

En aangesien Afrikaanssprekendes nie as tweedeklasburgers behandel wil word nie, maar op elke gebied gelyke regte wil geniet, kan mens vermoed dat Afrikaanse instellings hulle toenemend sal beywer vir die beginsel van wetlike gelykberegtiging, ook met internasionale veldtogte. Wat die Afrikaanse gemeenskap betref, sal die jaar 2026 waarskynlik toenemend die stryd vir "gelyke regte" simboliseer.

***Jacques Swanepoel van Limpopo*** skryf soos volg:
2025 in één woord: Volharding
2025 was 'n jaar waarin mense, instansies en gemeenskappe gedurig moes aanhou beweeg ondanks onsekerheid, druk en uitdagings. Tog het hierdie jaar gewys dat volharding sy eie krag dra: dit bou karakter, dit verdiep verbondenheid en dit wys dat baie van die belangrikste oorwinnings stil en stadig gebeur. Volharding het 2025 vir my die duidelikste gekleur.

2026 in één woord: Herlewing. Vir 2026 wens ek vir ons gemeenskap 'n jaar van herlewing — in gees, visie, werk, verhoudinge en hoop. 'n Jaar waarin moegheid plek maak vir nuwe energie, waarin idees begin vorm aanneem en waarin mense weer voel hulle bou iets wat betekenis het. Herlewing vra nie perfekte omstandighede nie; dit begin waar mense besluit om weer te glo, te bou en saam vorentoe te kyk.

***Nico Stofberg skryf uit Somerset-Wes:*** In aansluiting by Jacques Swanepoel die volgende praktiese strewes/aksies/projekte.
1. Die behoefte van gemeenskappe om selfverant-

*(Vervolg op p8)*

*'n Perspektief op 2025 en 2026 (verv)*

woordelikheid te aanvaar vir hul leefwêreld. Dit kan en moet gedoen word deur die aktiewe leiding te neem deur middel van a-politiese gemeenskapsforums.
2. Die werwing van nuwe lede as 'n jaarprojek vir 2026 moet geregistreer en gedryf word. Nuwe lede moet gedefinieer word en dienooreenkomstig bestuur word. Jeug 20 – 40, Jeug 40 – 55; Jeug "55 - 70"

***Philip Nel skryf uit Mpumalanga*** Die bekende gedeelte as die nood op sy hoogste is. is die uitkoms op sy naaste. Dink aan Noag , Bloedrivier, 1933 droogte. Wêreld oorloë en toe.........ons betreë saam met ons Skepper wat alles gemaak het, met vertroue op ons Redder wat almal wil red 'n nuwe ere wat net een ding vra. Die wat in verhouding met My Heilige Gees leef sal kan volhard en die Oorwinningskroon ontvang. Amen

***Francois Saayman skryf uit Bloemfontein*** 2025 was 'n nuutskepping met die woord Verontnugtering: " Al het verontnutering ons soms laat voel of ons waarde en stem weggebêre was, begin ons nou stadig maar seker uit ons dop kruip. Met nuwe moed en selfvertroue ontdek ons weer ons plek, ons krag en ons betekenis. Dit is 'n tyd van herlewing – om nie langer stil te bly nie, maar om saam te groei, saam te bou en ons ware waarde met trots te wys."

***Ons vier nie net ons ryke erfenis nie, maar kyk vorentoe na 'n toekoms waarin ons, deur eensgesindheid en kreatiwiteit, nuwe geleenthede skep vir ons gemeenskap.***

Mag 2026 'n jaar van vernuwing wees: Die wense vir die nuwe jaar is dat dit 'n tyd van groei en vernuwing sal wees. Mag die Afrikaner nuwe geleenthede ontdek, jong geslagte inspireer en met hoop en vasberadenheid die toekoms bou. Dit is 'n jaar om die wortels van erfenis te verdiep, maar ook om nuwe takke van vooruitgang en samewerking te laat uitspruit.

***Karel Tredoux skryf uit Pretoria*** Feesjaar - 2025 was 'n jaar van vele herdenkings wat ons beleef het. Taalmonument 50 jaar, Stigting van GRA 150 jaar, Amptelike Taal 100 jaar. Ons geliefde moedertaal is op gepaste wyse gevier tydens verskeie geleenthede. Wat beskryf ons taal beter as die laaste strofe van Boereplaas:
*"O moedertaal, o soetste taal!*
*Jou het ek lief bo alles.*
*Van al die tale wat ek hoor,*
*niks wat my siel ooit so bekoor.*
*O moedertaal, o soetste taal!*
Jou het ek lief bo alles.

Maar nie net ons Taal is gevier nie, ook die Groot Gryse Paul Kruger se 200ste verjaarsdag is herdenk. 'n Ander minder bekende projek word gevier. Die VTM se meer as R8 miljoen elektrisiteitsprojek om ons onafhanklikheid van die Stadsraad te verseker is afgehandel. Die mees omvattendste en duurste projek op die Voortrekkermonumentterrein sedert die bou van die monument, bewys weer ons kan en wil.

HOOP - Met die aanbreek van 2026 in ons gedagtes staan ons as Afrikanerbond saam in die gees van hoop en vernuwing. Ons vier nie net ons ryke erfenis nie, maar kyk vorentoe na 'n toekoms waarin ons, deur eensgesindheid en kreatiwiteit, nuwe geleenthede skep vir ons gemeenskap. Laat hierdie jaar 'n bron van inspirasie wees: om ons Afrikanerskap, taal, waardes en tradisies te versterk, brugbouers te wees in 'n diverse samelewing, en hoop te bring waar daar onsekerheid heers.

Mag die nuwe jaar vir elkeen voorspoed, vrede en moed inhou om ons kultuur met trots te leef en uit te dra. Ons hoop op 'n beter meer regverdige Suid-Afrika gevestig op ons geloof in God.

***Ook uit Pretoria skryf dr Jan Botha***
Terugkyk en vorentoe droom… My woord is "Brugbouers". 'n Brugbouer is iemand wat met passie lewe en dinge laat gebeur. Hoe is dit moontlik in vandag se konteks met al die uitdagings? 'n Brugbouer weet wie haar of hom gestuur het en waarheen sy of hy oppad is. As geroepe dissipels tree ek, ons missionaal op met resprek, omgee, liefde en passie as medeskeppers van die Drie-enige God wat in die verlede aan die werk was, nou is en ook alreeds in die toekoms werk.

Ons span, die Nasionale Raad, het saam maar ook individueel veel vermag die afdelope jaar. Die Quo Vadis gesprekke en fokus daarop, verskeie brugbou geleentehde en insette op vele vlakke na binne en buite. Jan Bosman se sigbaarheid as "gesig" van die AB op nasionale TV, in die pers en by verskeie ander geleenthede het die bruê verder gebou en verstewig.

Die viering van 150 en 100 jaar van ons mooi taal was beslis 'n hoogtepunt. Die toekenning van die Brug toekennings was ook 'n nuwe mylpaal. Die daarstelling van die G4A welvaartskepping plan het momentum gekry asook die goedkeuring van 'n nuwe pos van 'n Veldtogbestuurder van die Eike was ook 'n visionêre en kreatiewe stap.

Die grootste stap vorentoe was die talle indringende en saakmakende gesprekke op verskeie fronte met die jeugleiers en die moontlike twee projekte in die nuwe jaar naamlik Kunsmatige intelligensie en die Leierskapontwikkeling. Die bekendstellings video oor ons Manifes en die ander wat gaan volg gaan beslis nuwe lede trek, meer persone inlig en bewus maak van die aanpasbare en funksionele AB wat doen en groot droom!

Die verwagtinge vir 2026 is dat die werk wat aan die gang is, doeltreffend bestuur en uitgevoer word. Dat ons nou kan doen en droom oor 'n meer eietydse, veerkragtige, dinamiese en brugbouende AB. Dat ons geken gaan word deur projekte wat op voetsoolvlak

*(Vervolg op p9)*

## 'n Perspektief op 2025 en 2026 (verv)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | Afwagtend | Afrikaner | aggressie |
| alliansies | Amper daar | Beleef | Brugbou |
| Chaos | Desperaat | Divers | draaipunt |
| Durf | Eenheid-uit-Verskeidenheid | Frustrasie | Frustrerende leemtes |
| Genade | Geregtigheid | Geweld | Gewelddadig |
| Herbegin | Herleef | Herlewing | Heropbou |
| Hoop | Keerpunt | Koalisies | Koel-bly |
| Koelkoppe | Kraakland | Lief-en-leef | Ligpunt |
| Lewenslus | Moraliteit | Onseker | Onsekerheid |
| Onstabiel | Onstuimig | ontevrede | ontevredenheid |
| Onvergenoegd | Ontbloot | ontman | ontneem |
| ontnugter | Oorbou | Oorlewing | Oorgang |
| Opnuut | Opsaal | Opstaan | Opwek |
| Opwindend | Passie | Positief | Realiteit |
| Saamstaan | SaamSterk | Saamtrek | Selfsorgsaamheid |
| Selfsorgsaamheid – selfversorging | Skanstrek | Skarrelfase | Springbok |
| Strydvaardig | Transformasie | twyfel | Uitdagend |
| Vasbyt | Vasvat | Veerkragtig | Verbinding |
| Verandering | Veranderend | Verarming/ omarming | Verantwoordbaar |
| Verdedig | Verdeeldheid | Versoening | Voëlvry |
| Volharding | Volhardjaar | Voorwaarts | Waarheid |
| Wantroue | Waterskeiding | Weerstand | Wiele-draai |

persone gaan bemagtig, aantrek en drome gee vir 'n wonderlike toekoms in ons diverse land, in Afrika, maar ook wêreldwyd.

Daarom bid ek in die Christustyd en vir 2026 vir ons en ieder en elk die mooi gebed in die Boodskap se vertaling van Romeine 15:13 toe: "Mag God, die BRON van HOOP vir ons vul, volmaak deur die Heilige Gees met vrede en vreugde", Amen!!! Let's do it! Kom ons gaan doen dit in 2026!

As brugbouers, wees 'n geskenk van hoop vir almal!

***Die Netwerk24 bydrae deur Jan Bosman, hoofsekretaris by Die Eike in Randburg***

Suid-Afrika 2025: ***(On)verdraagsaam* 2026 Die verdraagsames** – die breë Suid-Afrikaanse middelgrond. Die ware patriotte. Hulle wat stil in gemeenskappe werk om die brokstukke bymekaar te hou. Wat in dialoog met mekaar is en wat saam oplossings soek. Wat dorpe skoon hou en mekaar se agtergronde en kulture erken en respekteer. Wat versoenend omgaan met die diversiteit van Suid-Afrika. Wat veerkragtig reageer op onvermoë en onbekwaamheid. Wat binne die grondwet demokraties omgaan met die noodsaak aan verandering na 'n morele orde en 'n voorkeur het vir gematigde koalisies wat werk in almal se belang. Wat nie stilbly oor die dinge wat ooglopend verkeerd is nie.

**Die onverdraagsames** - is diegene met ideologiese en ongrondwetlike oogklappe wat glo in meerderheidsoorheersing, wat partylojaliteit plaas bo landsbelang en selfverryking bo armoedeverligting. Hulle wat met geweld en revolusie verandering teweeg wil bring. Hulle wat skreeu "Kill The Boer" en nie verantwoordelikheid neem vir die gevolge nie. Wat afbreek waar andere bou.

Dankie aan ons lede wat die volgende woorde voorgehou het en op WhatsApp lekker gesels het – Sommige negatief andere weer positief, soms hoop en soms sinies. Die woorde was gemeng gebruik vir beide 2025 en 2026

Hierdie woorde weerspieël 'n ryk mengsel van emosies, uitdagings en aspirasies – van frustrasie en onsekerheid tot hoop, verandering en die veerkragtigheid van ons gemeenskap.

Met die deurlees voel dit soos 'n mosaïek van Suid-Afrika se siel: die pyn van korrupsie, verdeeldheid en oorlewing, maar terselfdertyd ook die vonk van eenheid, verandering en vooruitgang.

In 2025 het ons weer eens bewys dat ons land en ons mense nie net oorleef nie, maar ook droom, veg en saamstaan. Soos ons na 2026 kyk, dra ons hierdie mosaïek met trots vorentoe – 'n land vol kontraste, maar ook vol moontlikhede.

Want solank ons mekaar se stories hoor, mekaar se pyn dra en mekaar se hoop koester, bly daar lig aan die einde van die tonnel.

In 'n brief aan sy vrou, Isie gedateer 18 November 1949 skryf Genl Jan Smuts "Nog steeds gebeur die slegste, soos die beste, nooit in Suid-Afrika nie."

Ons kan in 2025 hierby aansluit en opnuut bevestig dat Suid-Afrika 'n land is waar ekstreme uitkomste – of dit nou uitnemend goed of rampspoedig sleg is – selde realiseer. Dit reflekteer 'n soort veerkragtigheid en vermyding van uiterstes deur Suid-Afrikaners.

Ons vir jou, Suid-Afrika – nou en altyd. ❖

## GELOFTEDAG - 16 DESEMBER




Die Gelofte verbind ons as opkomende geslagte nie net tot die herdenking van die dag as dankdag nie. Ons kyk altyd die laaste gedeelte van die gelofte mis en dit is hieruit waar ons hoop, krag en inspirasie moet put
“...want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en eer van die oorwinning aan Hom te gee.”

**Lees gerus die volgende besprekingsdokument** oor die Gelofte, die agtergrond en die verbintenis wat ons vandag nog nakom. Die studiestuk is opgestel deur die navorsingsafdeling van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting.
https://www.afrikanerbond.co.za/besprekingsdokumente---gelofte

**Geloftefeeskalenders - Geloftefeeste regoor die wêreld**
Die Geloftedag-vieringe vind regoor die land plaas, met verskeie provinsies wat unieke programme aanbied. Waar jy ook al is, daar is ‘n plek naby jou waar jy hierdie heilige dag saam met jou gesin en gemeenskap kan bywoon. Die geleentheid is ideaal om ook jou kinders en familie deel te maak van hierdie ryk geloofstradisie, sodat die Gelofte se betekenis in die harte van ons nageslag voortleef. Volg die skakel vir Geloftefeesvieringe.
https://fak.org.za/wereldwye-gelofteherdenking/#Gelofteeeste

Ditsemblits bring ook jaarliks ʼn kalender uit met meer besonderhede oor elke Geloftesfees en die program by elke fees. Die Geloftefeeskalender vir 2025 lys al die dorpe en stede in alfabetiese volgorde.
https://geloftefeeskalender.co.za/wp-content/uploads/2025/11/Geloftefeeskalender-2025.pdf

**Voorlesing van die Gelofte**
Luister na die Gelofte soos voorgehou deur Louis Trichardt, 'n direkte afstammeling van die Groot Trekleier Louis Tregardt(6e geslag). Louis het op 13 Desember 2023 tydens die viering van Gelofteweek by die Voortrekkermonument die aandgodsdiens gehou en die Gelofte voorgelees. Die Afrikanerbond was die gasheer vir die geleentheid.
https://www.youtube.com/watch?v=TCy9b4X_s-o
❖


DIE GELOFTE
"My broeders en mede-landgenote,
hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde
om ‘n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm
en ons vyand in ons hand gee,
ons die dag en datum elke jaar as ‘n dankdag,
soos ‘n sabbat sal deurbring;
en dat ons ‘n huis tot sy eer sal oprig
waar dit Hom behaag;
en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle
met ons daarin moet deel tot
nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte;
want die eer van sy Naam sal verheerlik word
deur die roem en eer van die oorwinning
aan Hom te gee."

## BELA SKOOLWETGEWING

Kommentaar oor BELA Regulasies is weer uitgestel
Na die onlangse debakel oor opmerkings van amptenare oor BELA in die portefeuljekomitee oor basiese onderwys wil dit voorkom asof die stof nog nie gaan lê het nie en moet skole en gemeenskappe kennis neem dat Afrikaanse skole moontlik nog steeds in die visier is. Die departement se hoofdirekteur van beplanning en toepassingsondersteuning, mnr. James Ndlebe, het aan LP’s in die komitee gesê “voormalige Model C-skole” is voor in die ry vir die inwerkingstelling van die Bela-wet se omstrede taal- en toelatingsklousules.”

Dit is ‘n onvanpaste opmerking deur ‘n amptenaar en

*(Vervolg op p11)*

## BELA Skoolwetrgewing (verv)

is ‘n aanduiding van die sentimente van amptenare wat reeds oor baie jare duidelik is. Dit reflekteer in baie gevalle die politieke leermeesters se eie sentimente.

FEDSAS het egter bevestig dat alhoewel die opmerking ongelukkig is het “Skoolbeheerliggame steeds die bepalende gesag rakende ’n openbare skool se taal- en toelatingsbeleid. Die Bela-wysigings bring nie skielike of drastiese veranderinge aan taal- of toelatingspraktyke nie. Daar is dus geen rede tot kommer oor opmerkings hieroor vroeër vandeesweek nie” volgens die skoolbeheerliggaam-organisasie FEDSAS.

Telkens is transformasie voorgehou in die ANC se dringendheid in die proses. Transformasie vereis egter meer as net die ANC se rassyferspel. Transformasie vereis kwaliteit onderwys en opleiding. Kwaliteit onderwys kan nie deur sentrale inmenging voorgeskryf word nie en vereis die vennootskappe tussen skoolbesture en ouers en gemeenskappe.

Die ANC se transformasie vereis egter dat amptenare vanuit die departement sal bepaal wat in die skool, die leerder en gemeenskap se beste belang is. Hiermee het die ANC van die begin af hulle ware kleure gewys. Die amptenaar se opmerkings wys dat ons nie verkeerd was nie.

AfriForum se standpunt hieroor is dat dit duidelik is “dat die agenda teen enkelmedium Afrikaanse onderrig, waarvoor die sogenaamde Bela-wet ’n basis vorm, deur die ingesteldheid van die departement se amptenare voortgedryf sal word.” Wat betref die beoogde regulasies oor taalbeleid het AfriForum gesê dat hulle nog steeds daarvoor wag. “Dit sou gepubliseer word om misbruik, soos die teikening van Afrikaanse skole, te voorkom, maar daar is nog geen teken dat dit binnekort vir kommentaar beskikbaar sal wees nie.”

***Indiening van kommentaar***

Dié konsepregulasies wat afsonderlik gepubliseer is, het betrekking op leerlingtoelating en die bepaling van openbare skole se kapasiteit. Dit is belangrik dat alle onderwysbelanghebbendes en die breër samelewing skriftelike kommentaar op die regulasies indien by AdmissionRegz@dbe.gov.za

Die Departement van Basiese Onderwys het pas weer en na vele uitstelle verleng na 5 Januarie 2026. Dit is nou verleng tot 5 Januarie 2026.

Die Afrikanerbond se kommentaar op beide die toelatingsbeleid en kapasiteitsbepaling in openbare skole is reeds ingedien. Die voorgestelde regulasies, na aanleiding van die promulgering van die BELA wet is ook ingesluit by die onderstaande skakel. https://online.fliphtml5.com/hwiua/txaq/ ❖

---

## SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING - 10 MITES BLOOTGELÊ

***Deur David Ansara***
***Uitvoerende Hoof van die Vryemarkstigting***

*Hierdie artikel het op 1 Desember in The Commons Sense verskyn. Met erkenning aan The Common Sense en met die vriendelike vergunning van David Ansara het ons die artikel na Afrikaans laat vertaal. Die oorspronklike artikel kan gelees word by https://www.thecommonsense.co.za/columns/ten-b-bbee-myths-busted*

Suid-Afrikaners het onteenseglik begin om BBSEB te verwerp. Hieronder volg ‘n blootlegging van die tien grootste mites wat gebruik word ter verdediging van hierdie beleid wat in werklikheid die elite verryk, werksgeleenthede verwoes, en armoede laat gedy.

Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) is een van Suid-Afrika se mees omstrede beleide en tas alle fasette van die ekonomie en samelewing aan. Daar is groeiende teenkanting teen BBSEB van regoor die politieke spektrum, en die openbare mening oor die beleid is besig om te verander. Maar diegene met sterk gevestigde belange wil nie bes gee nie. Hier is die tien mees algemene mites wat gebruik word om BBSEB te verdedig, en die ware feite daaragter.

**1. “BBSEB bring geen koste vir die ekonomie mee nie”**

Volgens ‘n konserwatiewe skatting in 'n verslag van Junie 2025 deur die Vryemarkstigting (FMF) en die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI), getiteld “Die koste van BBSEB-nakoming”, kos BBSEB die Suid-Afrikaanse ekonomie altesaam ongeveer R290 miljard per jaar – 'n totaal van R5 triljoen in verlore ekonomiese aktiwiteit sedert die aanvang van die beleid.

Daar word beraam dat BBSEB Suid-Afrika se BBP met 2–4% per jaar verminder, wat tot dusver reeds tot die verlies van sowat 4 miljoen werksgeleenthede gelei het. Die verslag fokus uitsluitlik op die direkte nakominglas van BBSEB, maar die geleentheidskoste daarvan is onsigbaar – en is waarskynlik veel hoër.

**2. “BBSEB verminder ongelykheid”**

Professor William Gumede van Wits Universiteit beraam dat ‘n skamele eenhonderd gesinne direk deur BBSEB-skemas bevoordeel is, tot ’n bedrag van R1 triljoen. Dit is beswaarlik ‘n "breë basis bemagtiging".

Dat BBSEB slegs die elite verryk, is 'n intrinsieke kenmerk van die beleid — nie ‘n toevallige foutjie nie.

Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt, 'n maatstaf van gelykheid, ken ‘n punt van 0.62 aan Suid-Afrika toe. Alhoewel hierdie telling sedert 1994 effens verbeter het (tot 0.67), het die *samestelling* van ongelykheid verander. Intra-swart ongelykheid het vererger, met ‘n styging vanaf 0,54 in 1994 tot 0,62 in 2018.

Buitendien is ekonomiese gelykheid 'n onmoontlike

*(Vervolg op p12)*

## Swart Ekonomiese Bemagtiging - 10 Mites blootgelê (verv)

doelwit wat slegs bereik kan word as vryheid ingeperk word. 'n Veel belangriker doelwit behoort te wees om armoede te verminder – 'n volkome haalbare doelwit – wat BBSEB ook nie regkry nie.

**3. "BBSEB bevoordeel arm swart mense"**

Daar word beweer dat BBSEB swart armoede verminder en swart werkloosheid verlig. Dit is nie waar nie.

Die Demokratiese Alliansie (DA) se Beleidshoof, Mat Cuthbert, het onlangs opgemerk dat swart werkloosheid in die laaste kwartaal van 2024 tot 36% gestyg het, in vergelyking met 'n wit werkloosheidsyfer van 7%. Van 2014 tot 2024 het die swart werkloosheidsyfer met 9 persentasiepunte gestyg, terwyl die wit werkloosheidsyfer met 1 persentasiepunt gedaal het.

Cuthbert haal ook data aan uit die ***2025 Household Affordability Index***, wat toon dat ongeveer 64% van swart Suid-Afrikaners benede die boonste armoedsgrens van R1 634 per persoon per maand leef. Byna 30 miljoen swart Suid-Afrikaners uit 'n totale bevolking van 52 miljoen is in armoede verstrik, sê hy.




Hierdie data toon dat swart armoede vererger het in die tyd toe BBSEB hoogty gevier het. BBP per capita het sedert 2007 in reële terme stagnant gebly. Toeval?

In teenstelling daarmee is die armste segment van die bevolking in lande wat hoog op die ranglys in die jaarverslag oor Ekonomiese Vryheid van die Wêreld staan agt keer ryker as hul armste eweknieë in lande wat nie ekonomiese vryheid het nie. Vryheid werk.

**4. "BBSEB is vrywillig"**

Ag, nee wat, rêrig? Probeer om in enige hoedanigheid sake met die staat te doen as jy nie aan BBSEB-vereistes voldoen nie. Selfs al werk jy nie direk vir die staat nie, moet jy steeds aan BBSEB voldoen as jy sake wil doen met 'n groter firma wat die regering as kliënt het. Hierdie indirekte dwangmeganisme forseer voorsieningkettings in hul geheel om daaraan te voldoen.

Wil jy 'n mynlisensie hê? Jy sal 'n SEB-vennoot daarvoor nodig hê. Wil jy as eiendomsagent praktiseer? Jy moet aan BBSEB voldoen om wettig te kan sake doen. Beplan jy 'n samesmelting? Die Mededingingskommissie vereis bewys dat jou nuwe entiteit swart aandeelhouers sal bevoordeel.

Daar is geen beperkende beginsel op BBSEB nie. As jy eers toegegee het dat die staat kan bepaal of jy 'n besigheid op grond van jou velkleur mag bedryf, is dit maklik om jou van jou ander basiese kommersiële vryhede ook te ontneem.

**5. "BBSEB het goeie bedoelings, maar skiet tekort in die implementering daarvan"**

Die beleid het presies gedoen wat hy beoog het om te doen: brei die staat se mag uit sodat hy beheer kry oor alle aspekte van ekonomiese en sosiale sfere van die samelewing, verryk 'n polities gekonnekteerde elite, en reël die ekonomie op grond van ras.

**6. "BBSEB is 'n gebiedende grondwetlike noodsaaklikheid"**

Artikel 9 van die Grondwet bepaal dat almal gelyk is voor die reg en die reg het op gelyke beskerming en bevoordeling deur die reg. Artikel 9 laat wel die staat toe om: "wetgewende en ander maatreëls te tref om persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is, te beskerm of te bevorder".

Dit is egter nie 'n eksplisiete magtiging vir die staat om in die algemeen op grond van hul ras teen mense te diskrimineer nie, maar 'n relatief onskadelike bemagtigende bepaling vir die staat om na volkswelsyn om te sien.

Daar is slegs 'n paar gevalle in die Grondwet waar rasgebaseerde verteenwoordiging van toepassing kan wees (byvoorbeeld die regbank en staatsdiens). Hierdie gesag bestaan slegs binne *die staat*, vir die openbare sektor. Die Grondwet verleen geen soortgelyke mag om die privaatsektor op rassistiese wyse te manipuleer nie.

In plaas daarvan behoort die grondliggende grondwetlike beginsel van nie-rassigheid die rigsnoer van enige regstellende beleid te wees. Dit is veral die geval gegewe Suid-Afrika se geskiedenis van rasgebaseerde sosiale manipulasie.

**7. "BBSEB is die wet, so daar is niks wat ons kan doen nie"**

Suid-Afrika het 'n trotse rekord van die verwerping van onregverdige wette. Gedurende die laat stadiums van apartheid het talle internasionale besighede wat in Suid-Afrika sake gedoen het, geweier om rasgebaseerde beleide te implementeer deur middel van beleidsposisies soos die Sullivan-beginsels, wat Amerikaanse maatskappye se saketransaksies in die land beheer het.

Talle swart Suid-Afrikaners het eenvoudig die bevolkingbeheermaatreëls geïgnoreer deur werk in stedelike sakekerns te soek, 'n punt wat wyle John Kane-Berman in sy 1990-boek, *South Africa's Silent Revolution,* gedokumenteer het. Hierdie kwetsende wette is tereg deur tallose dade van nie-nakoming gedelegitimeer.

Suid-Afrikaners behoort in 2025 dieselfde met BBSEB te doen en 'n hoër morele en grondwetlike orde te

*(Vervolg op p13)*

## Swart Ekonomiese Bemagtiging - 10 Mites blootgelê (verv)

volg.

Daar kan hiermee begin word in DA-beheerde munisipaliteite, die Wes-Kaap Provinsie, en DA-beheerde nasionale ministeries. Soos ek al voorheen hier aangevoer het, die DA kan BBSEB Maandagoggend skrap.

**8. "BBSEB geniet internasionale steun"**

Moenie mislei word nie: dis nie net die Trump-administrasie wat 'n probleem met Suid-Afrika se rassewette het nie. Ondanks Europese leiers by die G20 se groot glimlagte, is Europese firmas net so versigtig vir die Suid-Afrikaanse ekonomie (as gevolg van beleid) as dié vanuit Amerika – hulle is net baie meer diplomaties daaroor.

Toets beleggers aan hul dade, nie hul woorde nie.

Bruto vastekapitaalvorming ('n maatstaf van langtermyn vaste belegging) het skerp  skerp gedaal van 22% van die BBP in 2008 tot slegs 15% in 2024. Waarom in 'n land belê waar jou kapitaal by aankoms belas word, soos die redakteur van *The Common Sense* gereeld uitwys?

Hoofstroom buitelandse publikasies soos *The Economist* en die *Financial Times* het ook al verslag gedoen oor die negatiewe koste van BBSEB en gevra dat dit herevalueer moet word, en so ook die *Wêreldbank*.

**9. "Daar is geen alternatief vir BBSEB nie"**

BBSEB is 'n beleidskeuse soos enige ander, en wat gedoen is kan ongedaan gemaak word. Benadeling hoef nie aan ras gekoppel te word nie. Ons kan benadeling sien en meet en strategieë vir die hantering daarvan ontwikkel.

Daar is talle haalbare alternatiewe.

Die Instituut vir Rasseverhoudinge (IRR) het lankal reeds 'n vrywillige, nie-rassige alternatief voorgestel: Ekonomiese Bemagtiging vir die Benadeeldes (EBB).

Die Demokratiese Alliansie het onlangs 'n privaat ledewetsontwerp in die Parlement ter tafel gelê: Die Wetsontwerp op Ekonomiese Insluiting vir Almal.

Die FMF het 'n eenvoudige oplossing: bevry die mark en plaas Vryheid Voorop. Ons het tot op hede nog nooit 'n voorbeeld gesien van waar omvattende ekonomiese liberalisering *nie* gewerk het nie.

**10. "Die openbare mening ondersteun BBSEB"**

Nie meer nie. Die Social Research Foundation se jongste peilingdata toon dat die openbare mening ten gunste is van nie-rassige alternatiewe vir die huidige bemagtigingraamwerk.

In 'n demografies verteenwoordigende opname van 1 002 geregistreerde kiesers is respondente gevra of hulle saamstem al dan nie met die DA se voorstel om BBSEB te vervang met 'n bemagtigingbeleid wat armoede eerder as ras gebruik om te bepaal wie opheffing nodig het. Die resultate mag jou dalk verras.

67% van alle kiesers het gesê hulle stem saam met die DA se voorstel en 25% het gesê hulle stem nie saam nie, wat beteken dat 'n sterk meerderheid Suid-Afrikaners ten gunste is van die hervorming van BBSEB. Wat ANC-ondersteuners betref, het 61% met die DA se voorgestelde SEB-hervormings saamgestem terwyl 28% nie saamgestem het nie.

Dit is hoogtyd dat die BBSEB-kolos begrawe word.

*Ansara is die uitvoerende hoof van die Vryemarkstigting.* ❖

---

## NUWE AFRIKAANSE KOERANT

Die Papier

Wat lesers wil hê

Enkele dae gelede het Novus Holdings, die bekendstelling van *Die Papier* aangekondig: 'n weeklikse, Afrikaanse koerant wat van 6 Maart 2026 af sal verskyn. Die nuwe nasionale Afrikaanse koerant se redakteur is Barnard Beukman.

Ons verwelkom die nuwe toevoeging. Ons het 'n jaar gelede met die nuus dat Beeld, Volksblad en Rapport nie meer in geddrukte formaat sal verskyn nie ons teleustelling oor die besluit uitgespreek. Ons bekommernis was geleë in die feit dat in die huidige politieke tydgleuf moet koerante se besondere rol bevorder word Vryheid van politieke uitdrukking, vryheid van spraak en vryheid van die pers, is sentraal tot enige demokrasie. In die tydgleuf waarin die medialandskap wel vinnig verander, bly die kernwaardes wat koerante verteenwoordig - deursigtigheid, aanspreeklikheid en vryheid - onontbeerlik vir die gesondheid van enige demokratiese samelewing maar ook vir die Afrikaanse gemeenskap wat deur die koerante bedien is. Koerante het die Afrikaanse gemeenskap geslyp in politieke denke en menings. Dit het Afrikaners se geskiedenis gedokumenteer, ons suksesse en ons mislukkings ons skandale maar ook die hoogtepunte. Die verlies aan die koerante moet dus ook gesien word as deel van 'n verlies van ons kultuurgemeenskap se siel. 'n Nuwe Afrikaanse koerant kan die leemte vul. ❖

---

*Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.*

**KONTAK DIE EIKE**
kommentaar@die-eike.co.za
Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343